WEEKLIKSE LEWENDE HAWE VEE MARKNEIGINGS – 26 FEBRUARY 2018

SPEENKALWERS



Die gemiddelde plaashekprys van speenkalwers (190-240kg) na markkommissie was gedurende die week van 23 Februarie 2018 gemiddeld 3 565c/kg wat in totaal 1,3 % laer is teenoor die voorgaande week, 0,7 % laer teenoor dieselfde week 'n maand gelede en 36,4 % hoër jaar-op-jaar. Die daling in die gemiddelde prys ka toegeskryf word aan 'n toename in die aanbod gedurende die week.
Die aanbod van speenkalwers op die mark bly egter steeds onder druk en die gemiddelde prys kan moontlik nog vir twee maande op die hoë vlak beweeg. Die verwagting is dat die gemiddelde speenkalfprys in die komende drie weke moontlik verder sywaarts/opwaarts kan beweeg.
Gebaseer op die afgelope 20 jaar se maandelikse pryse is die kans 55,0 % dat die gemiddelde speenkalfprys in Februarie 2018 hoër gaan wees as in Januarie, en 70,0 % kans vir 'n laer prys in Maart 2018 teenoor Februarie. Gegewe die huidige situasie in die speenkalfbedryf word egter verwag dat die gemiddelde speenkalfprys in Maart eerder gaan styg in stede van die historiese daling.

BEESVLEIS

Die beesvleiskarkaspryse sluit die vyfde kwart in maar BTW uit.



In die week van 16 Februarie 2018 was die gemiddelde prys van die A2/A3's beesvleis in totaal 4 680c/kg wat basies onveranderd is teenoor die vorige week. Slagtings was laer teenoor die vorige week.
Vir die week van 23 Februarie word 'n gemiddelde prys van 4 685c/kg vir Klas A2/A3 beesvleis verwag, wat in totaal in totaal weinig gaan verskil van die vorige week, 1,0 % hoër teeoor 'n maand gelede en 11,2 % hoër jaar-op-jaar. Die verwagting is dat die gemiddelde prys van die A2/A3's in die komende twee weke min of meer weinige verandering gaan toon. Weens die nagevolg van die droogte is daar steeds druk op die aanbod van beesvleis en die verwagting is dat die gemiddelde prys nog tot einde April op die hoë prysvlak gaan bly.

Die verkoopsprys van Klas C2/C3 beesvleis was gedurende die week van 16 Februarie gemiddeld 4 307c/kg, wat in totaal 0,3 laer was teenoor die vorige week weens ‘n toename in slagtings.
Vir die week van 23 Februarie word ‘n gemiddelde prys van 4 330c/kg verwag wat in totaal 0,5 % hoër mag wees teenoor die vorige week, 1,5 % hoër as ‘n maand gelede en 28,8 % hoër jaar-op-jaar. Die verwagting is dat die gemiddelde prys van die C2/C3’s in Maart op die selfde prysvlak kan bly, maar vir April mag die gemiddelde prys dalk laer wees.
Gebaseer op die afgelope 20 jaar se maandelikse pryse is die kans 55,0 % dat die gemiddelde prys van die A2/A3’s in Februarie laer gaan wees as in Januarie, en 75,0 % kans vir ’n hoër prys in Maart 2018 teenoor Februarie.

SKAAPVLEIS

Die skaapvleiskarkaspryse sluit die vyfde kwart in maar BTW uit.



In die week van 16 February 2018 was die die A2/A3’s lamvleis se gemiddelde prys 7 279c/kg. Die gemiddelde prys was 0,6 % laer teenoor die vorige week. Die daling in die prys het gepaard gegaan met ‘n daling in slagtings in die vorige week, wat aanduidend is van ‘n toename in oordrsvoorrade vanaf die vorige weke.
Voorlopige inligting dui op ’n gemiddelde produsenteprys van 7 345c/kg vir Klas A2/A3 lamvleis in die week van 23 Februarie 2018, wat 0,9 % hoër mag wees teenoor die vorige week, 0,6 % hoër teenoor dieselfde week ’n maand gelede, en 10,4 % hoër jaar-op-jaar. Die verwagting is dat die gemiddelde prys van die A2/A3’s in die komende drie week sywaarts kan beweeg.

Vir die week van 16 Februarie 2018 was die gemiddelde prys van Klas C2/C3 skaapvleis 5 618c/kg wat 6,7 % hoër was teenoor die voorgaande week, nietenstaande minder slagtings. Die relatiewe skerp styging kan moontlik toegeskryf word aan ‘n regstelling in die mark na die redelike skerp daling in die vorige week.
Vir die week van 23 Februarie 2018 word ‘n gemiddelde prys van 5 762c/kg verwag wat 2,0 % laer mag wees teenoor die vorige week, 6,2 % hoër as die ooreenstemmende week ‘n maand gelede en 18,5 % hoër jaar-op-jaar. Die gemiddelde prys van die C2/C3’s kan moontlik oor die volgende drie weke meer sywaarts beweeg.
Gebaseer op die afgelope 20 jaar se maandelikse pryse is die kans 65,0 % dat die gemiddelde lamvleisprys in Februarie laer gaan wees as in Januarie en 99,0 % kans vir ’n laer prys in Maart 2018 teenoor Februarie.

In die week van 23 Februarie het voerlampryse teenoor die vorige week met 1,9 % teenoor die vorige week gestyg tot ‘n gemiddeld van R41,25/kg, 5,8 % hoër as die vorige maand en 31,9 % hoër jaar-op-jaar.